



Só funksioneer die liggingsdifferensiaal

Produsente moet die liggingsdifferensiaal en die JSE-verwysingsprys as 'n riglyn gebruik en hul huiswerk doen oor die pryse waarteen hul graan en oliesade by eindgebruikers gelewer gaan word. Anders as wat dalk geglo word, is graanhanteerders en -opbergers nie die eindgebruikers van graan en oliesade waar prysvorming plaasvind nie.

Die liggingsdifferensiaal is nie 'n statutêre maatreeël wat deur die regering in werking gestel is nie. Dit is in werking gestel deur deelnemers in die bedryf om 'n vrye mark te help vestig ná die afskaffing van die eenkanaal-bemarkingstelsel.

Dit is noodsaaklik om meer selfgereguleerd en minder staatsbeheerd te wees. Die graanbedryf moet streef na selfregulering van gradering af tot by prysvorming, en met 'n dringendheid om die mark nóg vryer te maak. Waak teen groter staatsinmenging in die vrye mark.

Daar heers 'n voortdurende debat oor die liggingsdifferensiaal en die enkele verwysingsprys, Randfontein, as basis. Nie almal let altyd op hoe die JSE die liggingsdifferensiaal jaarliks bepaal voordat afleidings gemaak en dan gesuggereer word dat silo's voordeel trek uit 'n groter differensiaal nie. Dit maak mense skuldig daaraan dat hulle buite konteks standpunte huldig oor dinge waaroor hulle nie deeglik oorgelees het nie.

Prof. Nick Vink, landbou-ekoonoom aan die Universiteit Stellenbosch, het my jare gelede aangemoedig om die sielkundige en ekonoom Daniel Kahneman se boek *Thinking, Fast and Slow* te lees. Kahneman het onder meer in 2002 die Nobelprys vir ekonomie ontvang.

Hy verduidelik 'n belangrike punt wat by die titel van die boek aansluit. Dit gaan kortliks

oor die twee maniere waarop almal van ons dink. Die eerste metode wat hy onderskei, vind outomaties en vinnig plaas, met min tot geen moeite wat in die denkproses ingaan nie. Dit gebeur byna spontaan sonder dat ons vrywillige beheer oor ons denke uitoefen.

Die ander metode vereis aandag. Die denkproses is moeilik omdat intellektuele aktiwiteite betrokke is. Dit kan vereis dat ons ingewikkelde berekening moet maak, moeilike besluite moet neem en harder moet konsentreer om by die regte antwoord uit te kom. Dit duur ook langer om by die regte antwoord uit te kom.

'n Voorbeeld is wanneer ons nie self tyd het om ingewikkelde konsepte, soos JSE (Safex) se enkele verwysingsprys en die doeltreffendheid of toepaslikheid van die liggingsdifferensiaal te ondersoek nie. Dan beroep ons ons op kundiges om dit namens ons te doen, soos oorsese kundiges, soos dr. Matt Roberts, stigter van die Kermantle-groep, en plaaslike kundiges, soos mnr. Johann Strauss, 'n dosent aan die Universiteit van die Vrystaat.

Ek dink Kahneman sou gesê het die bedryf doen die regte ding om kundiges te betrek. Markdeelnemers, produsente, akademici en landbou-ekonome kan nie net outomaties en vinnig afleidings oor belangrike aspekte maak nie – veral omdat dit tot soveel konflik lei.

Sommige markdeelnemers en kundiges is daaraan skuldig dat hulle uitlatings maak oor sekere

sake, soos die berekening van die differensiaal, sonder om hulle deeglik van die feite te vergewis. Sommige produsente en ander kritici doen dieselfde.

VERANTWOORDELIKHEID

As jy eerstens nie deur die jaar boek kan hou van die gelewerde prys van jou eie graan en oliesade by die hek van die eindgebruiker (meulenaar, veevoervervaardiger, intensiewe veeproduksiestelsels, soos bees- of skaapvoerkrale, en varkproduksie- of pluimveeproduksie-eenhede) wat jou graan koop en verbruik nie, kan jy net jouself daarvoor verantwoordelik hou. Ander suksesvolle markdeelnemers, waaronder mededingende produsente, hou reg deur die seisoen daarvan boek.

Tweedens weet hierdie markdeelnemers en produsente wat met mekaar meeding, wat die vervoerkoste deur die seisoen vanaf sy eie perseel of plaas tot by die eindgebruiker is. Hy grond prysbesluite nie primêr op die JSE se verwysingsprys of liggingsdifferensiaal nie.

Indien jy dus nie dié inligting het nie, is dit tyd om dit self te begin byhou saam met 'n erkende graanhandelaar met wie jy vertrou is. Alternatiewelik moet jy 'n onafhanklike persoon, soos 'n landbou-ekoonoom of 'n kundige aan 'n universiteit, kontrakkeer om die gemiddelde pryse op 'n gereelde grondslag vir jou mark by te hou en gereeld te publiseer.

Roberts en kollegas by ander universiteite in Amerika werk deurlopend die inligting vir

markdeelnemers by. Dié plaaslike markpryse verskil deur die loop van die seisoen én tussen bemarkingsjare na gelang van of dit 'n surplus- of tekortjaar is.

Die enkele verwysingsprys op die JSE is een plek waar prysbewegings en -vorming op 'n nasionale vlak gemonitor kan word. Die liggingsdifferensiaal is ook 'n nuttige riglyn vir vervoerkoste. Dit is egter nie die belangrikste bron van markinligting oor pryse vir jou produk nie. Jy moet self die belangrikste inligting vir jou eie besigheid of boerdery byhou.

Die JSE se gemiddelde nasionale verwysingsprys of afgekondigde liggingsdifferensiaal is net hulpmiddels.

Onthou ook dat enige markdeelnemer insette kan lewer oor die JSE se liggingsdifferensiaal. Enige markdeelnemer kan die differensiale bevestig of betwis voor dit finaal afgekondig word. Die waardes van die finale liggingsdifferensiale word jaarliks in 'n deursigtige proses bepaal.

Dit is 'n bietjie naïef om te dink die afskaffing van liggingsdifferensiale sal tot beter pryse lei. Indien jy nie nou weet wat die prys is wat die eindgebruikers in jou omgewing vir graan en oliesade aanbied nie, en ook nie weet wat die vervoerkoste tussen jou perseel, plaas of opberger en eindgebruiker beloop nie, gaan jy dit dit ook nie weet nadat die liggingsdifferensiale afgeskaf is nie. **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van AgbizGrain.